

## Onderstebo Lewe

### Deel 4 – Verlies Omstandighede

#### AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

---

---

#### VRAE VIR BESPREKING:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Wat ervaar jy as verliese in die afgelope jaar?**

---

---

**Hoekom dink jy is dit belangrik om hierdie verliese te identifiseer?**

---

---

**Wat dink jy van die veronderstelling dat rou vir alle verliese is en nie net as jy iemand aan die dood verloor het nie?**

---

---

**Hoekom dink jy het verliese baie keer 'n groot uitwerking op ons geloofslewe? Hoe het jy dit al ervaar?**

---

---

---

---

**Dink jy 'n mens moet altyd weet wat om vir ander te sê as hulle deur verliese en rou gaan? Verduidelik.**

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Lees Jesaja 59:1. Hoekom dink jy voel dit so baie keer in verliese en hartseer asof hierdie belofte nie waar is nie?**

---

---

---

**Lees Psalm 34:19 (vers 18 in Engels). Hoe dink jy lyk hierdie vers op 'n praktiese manier in mense se lewens?**

---

---

---

**Lees Matteus 11:28. Hoekom wil ons baie keer in ons seer juis nie na God toe gaan nie? Wat is die uitwerking daarvan?**

---

---

---

**Hoekom dink jy is dit belangrik om te onthou dat God ons verliese en hartseer verstaan?**

---

---

---

**Wie in jou lewe ervaar op hierdie stadium verliese in hul lewe? Hoe kan jy hulle ondersteun daarin hierdie week?**

---

---

---

## GEBED EN OMGEE

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

---

---

---

## NEEM 'N VOLGENDE STAP

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**

---

---

---